NOTULE U.K. VERGADERING GEHOU TE BLOEMFONTEIN OP
21 JULIE 1959.

B U I T E L A N D.

13. MNR. J.M. BADENHORST, SKULD: Verwys na die Voors., Saakgelastigde en Sekretaris en Kerk se Prokureur vir afhandeling, in oorleg met Mnr. J. van Graan.

14. OORTROKKE REKENING: Die hele aangeleëntheid word verwys na die Voors., Saakgelastigde, Ds. Fourie en Mnr. van Graan om die vergadering met advies te bedien.

15. MNR. BADENHORST, TREKKERS: Handeling goedgekeur van Sekretaris.

16. VERLOFTYE (Pt. 23 Raadsnotule 15 Junie): Verwys na Sekr. om die saak met Mnr. van Graan te bespreek en om die S.A.S.K. met die nodige informasie te dien.

17. YSKAS, WAARDERING: Kennisgewing.

18. S.J. STRYDOM, LENING: Die lening soos toegestaan word goedgekeur (Sien Bylae C)

19. C. KRUGER, SEUN, BOSHOFF: Saak verwys na Voors, Sekr. en Mnr. van Graan met oog op afhandeling.

20. TOEKOMS POSISIE, KATETE (No.60 Raadsnotule): Kennisgewing en wag op verdere rapport.

21. REGLEMENT i/s DRUKPERS MKHOMA: Wanneer finaliteit bereik is sal die Br. Saakgelastigde verder rapport doen.

22. MNR. AGENBAG: Met blydskap kennis geneem van goedkeuring.

NOTULE RAADSVERGADERING 15 JUNIE.

23. No.6 VERTEENWOORDIGING DS. T.A. THERON: Hierdie saak word verwys na die S.A.S.K. asook verteenwoordiging op West. Raad deur S.A.S.K.

24. No.10 SENDINGWERK ONDER NATURELLE UIT P.O.A.: Kennis geneem.

25. No.13. INSAKE DEPUTASIEWERK: Eerw. Hoffman sal gevra word om met sy Februarie besoek aan die S.A.S.K. hierdie saak met die Voors. en Send. Sekr., S.A.S.K. te bespreek.

26. NO.14. HANDLEIDING EN VOORLIGTING NUWE PERSONEEL: Uitvoering moet gegee word aan die vorige U.K. besluit i/s Handleiding, terwyl die gedagte aan bywoning van 'n voorlopige kursus na die S.A.S.K. verwys word.

27. No.17 i/s OPTREDE EN GEDRAGSLYN IN KRISISTYD: Met waardering hiervan kennis geneem.

28. No.20. i/s TOELATING TOT DIE KANSEL: Kennisgewing.

29. No.21. I/s SOSIALE APARTHEID: Kennis geneem.

30. No.22. HULP MOEDERKERK AAN INHEEMSE KERK: Besluit word dat deur die Moederkerk £500 (sonder kompromittering) jaarliks aan die Inheemse Kerk sal gegee word, vir solank as wat die S.A.S.K. mag oordeel dat dit noodsaaklik is. (Daar sal a.s. jaar hiervoor begroot word.)

31. No.28. RUSHUIS JEFFREYSBAAI: Goedgekeur dat getroude personeel wat van hierdie Rushuis gebruik maak gevra sal word om 'n buitekamer uit te hou vir gebruik van ongetroude personeel.

4/ .....

32. No.29. BEDIENDEHUIS BY SENDING RUSHUIS, LUSAKA: Eerw. O.S. Theron sal versoek word om:

(a) Skets van so 'n kamer te doen
(b) Uit te vind wat die beraamde koste sal wees
(c) Of, indien hiertoe besluit word, hy gewillig sal wees om toesig te hou oor werk.

33. No.43. BEDANKINGS EN WAARDERINGS VIR OPOFFERENDE DIENSTE: Kennis geneem van die wense van die personeel in hierdie verband.

34. No.57. OPENING VAN SKOLE LANGS SPOORLYN. R.48/86: Vir kennisgewing.

35. No.62. BEHOEFTES OPV. PERSONEEL: Kennis geneem van hierdie reëling.

36. No.73. LENINGS AAN BESTUURDERS: Verdere informasie word gevra.

37. No. 75. OPVOEDKUNDIGEDEPARTEMENT BEGROTING - 1959/60: Word verwys na Mnr. van Graan vir rapport by die volgende U.K. vergadering.

38. No.77. VRAGMOTOR OPV. DEPT.: Goedgekeur dat hierdie vragmotor aangekoop is en dat die aangevraagde lening toegestaan is (Bylae D.)

39. No.80. KAMOTO HOSPITAAL: Die onderhandelings i.v.m. hierdie saak soos in Raadsbesluit uiteengesit dra die goedkeuring van die U.K. weg.

40. No.83(13) i/s VERTREK MNR. S.J. STRYDOM: Kennis word hiervan geneem.

RAADSKOMMISSIE - 15 JUNIE.

41. No.9. Plasings: Na S.A.S.K. verwys.

42. No.10. BRUG MERWE: Verwys na Voors. en Sekr. met volmag om te handel nadat verder informasie ingewin is.

43. No.22 MOTOR VIR BESOEK VAN SKOLE: Word verwys na Saakgelastigde.

44. No.27. BESOEK LERAAR VAN ONS KERK: Voorlopig kan aan hierdie versoek nie voldoen word nie.

D. ALGEMEEN:

45. WETSVERANDERING i/s ALG. SENDINGSEKRETARIS EN O.V.S.: Hierdie e.a. Wetsake word verwys vir rapport na Ds. J.J. Fourie.

46. INTERKERKLIKE ADVIESKOMMISSIE: Verwys na Ds. P.S.Z. Coetzee vir verdere afhandeling.

47. AANSOEKE LENINGS: Verwys na Saak. en Alg. Sendingsekretaris.

48. PERSONEEL VIR SENDING: Aan die Wnde. Alg. Sendingsekretaris word opgedra om verdere reëlings te doen i.v.m. die verkryging van die nodige personeel in die besonder Geordende Manne.

Die vergadering word afgesluit met gebed.

25. VOORSITTER VAN DIE KOMMISSIE VIR SONDAGSKOOL- EN JEUGAANGELEëNTHEDE:(97) Die U.K. wys daarop dat alreeds op sy vorige vergadering 'n bedrag gestem is vir die Inheemse Kerk en sien dus nie sy weg oop om nog verder in hierdie verband te help nie.

26. VERSLAG VAN DIE PLASINGSKOMMISSIE (98): Die besluit i/s vorige saak (No.25) is ook hier van krag.

27. i/s LIDMATE WAT HULLE BY DIE PRESBITERIAANSE KERK VAN S.A. GEVOEG HET (108): Kennisgewing.

28. AFGEVAARDIGDE NA DIE SINODE VAN DIE N.G. SENDINGKERK VAN DIE O.V.S. TE BETHLEHEM, 15-29 OKT. 1959 (117): Kennisgewing.

29. AFGEVAARDIGDE NA DIE SINODE VAN DIE MOEDERKERK IN DIE O.V.S. GEDURENDE APRIL 1960 (118): Kennisgewing.

30. VERSOEK VAN EERW. E.E. EYBERS VAN KENIA (120): Kennisgewing.

WESTELIKE RAADSNOTULE 8 JUNIE.

31. SAMESTELLING WEST. RAAD: Hierdie saak sal by die S.A.S.K. vergadering aanhangig gemaak word.

ALGEMEEN.

32. RUSHUIS, JEFFREYSBAAI: Toegestem word dat die nodige stoep reparasies sal aangebring word (Bylae B.)

33. WETSVERANDERINGS i/s ALG. SENDINGSEKRETARIS EN ORG. SENDINGSEKRETARIS: Hierdie sake sal Ds. Fourie voor die e.v. S.A.S.K. vergadering lê.

Ds. W.R. de Kock sluit met gebed.